# Soortname (selfstandige naamwoorde)

**Soortname** (*common nouns*) is naamwoorde wat na mense, diere en dinge verwys. ’n Soortnaam is gewoonlik **tasbaar** (*tangible*). **Eiename** (*proper nouns*) is ’n naam van ’n spesifieke persoon, plek of item en word altyd met ’n hoofletter geskryf.

Soortname het meervoud- en verkleiningsvorme, en kan ook ’n teenoorgestelde vorm hê. Die lidwoorde **die** en **’n** kan voor ’n soortnaam gebruik word.

**Voorbeeld:**

Mark (eienaam) kyk na sy horlosie (soortnaam).

Oliver (eienaam) staan voor die hoogste gebou (soortnaam) in New York (eienaam).

Hier is ’n paar tipiese soortname: webwerf, renoster, bal, kantoor, CD, bank

**Wenke**

’n Soortnaam word gewoonlik voorafgegaan deur die lidwoord **’n** of **die**.

**Ken die woorde**

kantoor – *office*
bank – *desk*
webwerf – *website*
renoster – *rhino*
masjien – *machine*
wildtuin – *game farm*
knipmes – *pocket knife*
oorfone – *ear phones*
spieël – *mirror*
drukker – *printer*
luidsprekers – *speakers*
geheuestokkie – *flash disk*
muis – *mouse*
sakrekenaar – *calculator*

1. Onderstreep die soortname in die volgende sinne.
   a) Ek kan nie onthou hoe om die masjien te gebruik nie.
   b) Ons ry deur die wildtuin op soek na olifante.
   c) My ouma kan nie haar nuwe selfoon gebruik nie.
   d) Graham sny met sy knipmes deur die boks.
   e) James luister met sy oorfone na musiek.
   f) Chris boor ’n gat om ’n spieël op te hang.
   g) Ek raak baie geïrriteerd as die drukker nie werk nie.
   h) Die luidsprekers kan nie harder gedraai word nie.
   i) Ons hang die nuwe skildery aan die muur.
   j) Ek stoor al my inligting op my geheuestokkie.
   k) Cade werk met ’n koordlose muis.
   l) Hy moet ’n wetenskaplike sakrekenaar gebruik.


© Oxford University Press Southern Africa

2. Gebruik elk van die soortname in 'n sin.

| | |
|---|---|
| diamant | a) |
| webwerf | b) |
| plakkaat | c) |
| mikrogolf | d) |
| skerm | e) |

3. Waar of vals? Die volgende woorde is soortname.

| Soortnaam | Waar of vals |
|---|---|
| a) leeu | |
| b) Atlantiese Oseaan | |
| c) beursie | |
| d) Mnr. Coetzee | |
| e) Nederland | |
| f) lugverkoeler | |
| g) liefde | |
| h) Universiteit Stellenbosch | |

4. Lees die paragraaf en voltooi die sinne deur die ontbrekende soortname uit die woordelys in te vul.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| klaskamer | bibliografie | skool | boeke | jogurt |
| rekenaars | onderwyser | taak | mense | leerders |

Daar is duisende ___________________ in ons skool se biblioteek. Ons het ook nuwe ___________________ as jy inligting elektronies wil soek. Onderwysers neem ook hul ___________________ gedurende klastyd biblioteek toe om navorsing te doen. Onthou, 'n mens moet 'n ___________________ aan die einde van jou ___________________ hê, want anders pleeg 'n mens plagiaat. Jy moet vir die ___________________ wys waar jy jou inligting gekry het. 'n Mens kan in groot moeilikheid kom as jy net iemand anders se woorde knip en plak. Die internet by die ___________________ is nie so vinnig soos by die huis nie, maar dit is omdat daar so baie ___________________ is wat die internet op dieselfde tyd gebruik. Ek gebruik ook die skool se Wi-Fi op my selfoon. Ons mag partykeer ons selfone in die ___________________ gebruik om werk te voltooi. Mnr. Lundy is my gunstelingonderwyser. Hy gee Afrikaans en Aardrykskunde. Hy eet altyd ___________________ voor pouse, want hy sê hy raak te honger om te wag.

© Oxford University Press Southern Africa